

# Die oorsprong van gesag

Teks: Johannes 19: 1 - 16 en Sondag 39  
Teksvers: Johannes 19: 11

## 1. Inleiding

Vanoggend in die leediens kom die 5de gebod aan die beurt. Ons gaan kyk na gesag. Soos ons ook uit die toelighting vanuit Sondag 39, handel die vyfde gebod oor die onderwerping aan gesag oor ons gestel. Dit begin al by ons intieme kring van die huisgesin. Want die eerste gesag wat 'n mens natuurlik ervaar, is jou ouers.

In ons humanistiese uitkyk waar ons wil oordeel of iets werklik die moeite werd is om te doen vra ons maklik die vraag, maar waar kom die gesag vandaan. Of met ander woorde wie het dit oor my aangestel. Ons gaan vanoggend hierdie vraag op 'n teologiese manier beantwoord. Nie omdat ons teologiese denke ondergeskik, wil indeel onder humanistiese oortuigings. Eintlik juis andersom, om te bewys dat teologie uiteindelik bo-oor alles triomfeer en alle ander vrae wel kan antwoord.

Kom ons ondersoek die oorsprong van gesag vanuit die Woord van die Here. Ons teksgedeelte kom vanoggend uit een van die donkerder gedeeltes van Evangelies. Hier in ons Here Jesus Christus se swaarste omstandighede op aarde, kan Hy steeds nie anders as om die waarheid te openbaar nie. Ons teksvers fokus op Christus se antwoord aan 'n arrogante Pilatus, wat op sy gesag wil roem. Jesus verduidelik vir hom waar presies gesag vandaan kom.

Maar meer as dit verduidelik Christus ook dat gesag en verantwoordelikheid hand aan hand loop. En dit is miskien iets wat ons juis baie keer om ons ervaar. Dat mense met gesag dit misbruik en soms selfs heeltemal onverantwoordelik gebruik. Ja dat mense dikwels juis hulle gesagsposisie gebruik om te sondig. Die aktuele vraag in verband hiermee in 'n humanistiese samelewing is natuurlik,

moet ek steeds gehoorsaam wees aan gesag selfs al word dit misbruik?

## 2. Waar kom die gesag vandaan

Kom ons begin by die antwoord deur Christus aan Pilatus wat spog met sy gesag. Pilatus reken dat Jesus se lewe letterlik in sy hand is. Hy sê immers in die vers wat ons teksvers vooraf gaan, besef jy nie dat ek die mag het om jou vry te laat, en ook die mag het om jou te laat kruisig nie? Maar wat Pilatus vergeet, is dat hierdie gesag nie somer toevallig op hom rus nie. Hy is aangestel in 'n regeringsposisie en die mag kom as gevolg daarvan.

En dit is uiteindelik ook die swaartepunt in vraag 104 se antwoord. Alle gesag wat bo-oor ons aangestel is kom van iewers af. En ons weet dat niks op die aarde lukraak gebeur nie. Die Here bepaal alle dinge wat gebeur. Die almagtige Vader is en bly die skepper en onderhouer van die heelal. En daarom bepaal Hy in Sy soewereiniteit ook wat gebeur, ook wat gesagsposisies aan betref.

Eintlik maak dit heeltemal logies sin as 'n mens daarvoor dink. Die hoogste bron van gesag bepaal ook watter gesag gedelegeer of oorgedra word aan mens onder Hom. Want as dit nie so was nie, sou dit beteken dat daar areas is waaroor die Vader nie gesag het nie. En sal natuurlik beteken dat God nie werklik soewerein en almagtig is nie. Daarom openbaar Jesus hierdie duidelik waarheid in ons teksvers. "U sou geen gesag oor My gehad as dit nie van bo aan u gegee was nie." Met ander woorde sê Christus vir Pilatus dat hy maar net gesag het omdat die Vader dit aan hom gegee het. Dit is natuurlik vir ons moeilik om te begryp hoekom die Here gesag gee aan bese mense wat dit uiteindelik net gaan

misbruik. Tog kan ons nie uiteindelik die Here blameer vir mense wat sondig nie.

### 3. Word gesag oorgedra?

Die antwoord op die vraag of gesag oorgedra word, is ja. Dit is immers presies wat Jesus ook openbaar in Sy woorde in ons teksvers: “Daarom het hy wat My aan u uitgelewer het, groter skuld.” Hierdie is een van daardie meer onduidelike verse in die Bybel. Want Christus gebruik die voornaam woord hy, in plaas van die eienaam om vir ons presies te openbaar wie dit nou eintlik is wat meer skuld het.

Die hy verwys duidelik na die mense wat Christus uitgelewer het. Maar dit is hier waar skrifverklaarders verskil. Sommige reken dit verwys nie Judas Iskariot wat Jesus verraai het. Ander weer, lê die skuld voor Kajafas, die hoëpriester. Maar wat belangrik is vir ons bespreking hier is om te fokus op die gesag wat oorgedra word.

Gesag kom altyd met ’n verantwoordelikheid. Daar sal altyd gevolge wees vir die besluite wat iemand in ’n gesagsposisie neem. Dit is presies so in omstandighede van ons teksgedeelte. Die joodse raad wil hê dat Jesus die doodstraf ontvang, iets wat hulle self kan oplê nie, omdat dit onwettig is. Hulle kan dus die besluit neem om dit te doen, maar dan oortree hulle die Romeinse wet, en sal die gevolge moet dra.

Maar wanneer die gesag oorgedra word aan Pilatus, dan word die verantwoordelikheid ook oorgedra. Nou moet Pilatus hierdie doodsvonnis vel. Maar wanneer hy dit doen moet hy die verantwoordelikheid vir sy besluit neem, dit kan nie terug oorgedra word aan die Jode nie. Uiteindelik dwing die Jode vir Pilatus in ons teksgedeelte, en hy neem vel die oordeel. Dit is uiteindelik Pilatus se oordeel uit sy gesagsposisie. Hy moet ook die verantwoordelikheid vir die besluit om Christus te kruisig aanvaar. Daarom bely die kerk tot vandag nog, dat Pilatus Christus veroordeel het.

### 4. Gesag as manier om oor die sonde te heers

Terug by ons eie lewens en gesag. Alhoewel die 5de gebod in die eerste plek handel oor die gehoorsaamheid aan die gesag wat oor ons aangestel is, is daar ook ’n implisiete boodskap. Die gesag waarvoor ons ook beskik moet voortdurend aangewend word tot eer en verheerliking van die Here. Want Hy wat gesag het oor alle gesag sal ons ook tot verantwoording roep.

Ons weet regdeur die geskiedenis, was hierdie nie ’n mooi prentjie nie. Mens met die beste intensies misbruik soms juis hulle mag om sonde te doen. Daarom was dit nodig dat ons Here Jesus Christus juis na die aarde moes kom as Verlosser. Sodat hy die dood kan oorwin en gesag oor die sonde kan uitoefen. Deur die werking van die Heilige Gees, kan ons as verlore mens ook nou oor die sonde heers.

Dit is geen nuwe opdrag wat skielik in die nuwe Testament ontstaan nie. Ons lees immers al in al in Genesis 4:7 dat die Here aan Kain sê: “die sonde wag jou in daarbuite en hy wil jou in sy mag kry. Maar jy moet oor hom heers.” Vanaf die vroegste tye word die mens geroep om gesag oor die sonde uit te oefen. In die verlossing in ons Here Jesus Christus word dit dan ook moontlik om juis dit te doen.

Daarom is dit nou juis so belangrik dat ons hierdie gesag nie oordra aan ’n ander party wat dalk nie oor die sonde gaan heers nie. Ons moet die gesag wat die Here aan ons gee gebruik om Sy Naam te eer en verheerlik. Maar natuurlik ook die manier waarop ons, onself onderwerp aan die gesag wat bo-oor ons aangestel is. Ook in hierdie optrede moet ons die Here alleen, die bron van alle gesag verheerlik.

## 5. Slot

Ons kan afsluit deur terug te keur na die vraag in die begin van die preek. Moet ons, onself net onderwerp aan gesag wat reg en billik is? Die antwoord is nee. Want wie besluit op die einde watter gesag is reg en billik. Deur te besluit oefen ons dan mos juis gesag uit oor die gesag wat oor ons aangestel is. En uiteindelik rebelleer ons nie net teen die direkte gesag oor ons nie. Ons rebelleer uiteindelik teen die Here wat die oorsprong van alle gesag is.

Dit is natuurlik makliker gesê, as gedoen. Want dit is swaar en moeilik om gesag wat onbillik optree te eerbiedig. Maar ook hierin moet ons die regverdige se lyding in 'n gebroke wêreld sien. 1 Petrus 3:14 leer ons immers: “<sup>14</sup>Maar selfs as julle sou ly omdat julle doen wat reg is, moet julle dit as 'n voorreg beskou. Moenie vir mense bang wees of julle laat afskrik nie.”

Uiteindelik kan ons hierdie leerdiens oor die 5de gebod as volg opsom. Alle gesag het hulle oorsprong in die Here. Deur gesag, self onbillike gesag te gehoorsaam bewys ek uiteindelik eerbied aan die Here. Gesag kan oorgedra word na ander mense. Maar hierdie mense sal dit nie noodwendig goed gebruik nie. Ek sal steeds verantwoordelik wees vir die misbruik wat hierdie mense maak van die gesag wat ek aan hulle oorgedra het. Uiteindelik bly die waarheid oor die lewe en totale wese van die Christen gelowige ook geld in hierdie saak. Daar is nie een klein nanometer van die gelowige se wese of lewe waaroor die Here nie uitroep dit is myne nie. Met ander woorde op die einde het die Here tog maar gesag oor alles. Alles gesag kom van Hom en gaan weer terug na Hom.

Amen